Jan Steyn preek Pinkster 2018

Tema: Die afgod van sukses

Teks: 2 Konings 5:1-18, Mattheus 5:3-12

Twee van die grootste leuens oor sukses wat aan ons en aan ons kinders deur die samelewing vertel word.

Die eerste is: As jy hard werk, kan jy enigiets wees wat jy wil wees.

Die tweede leuen is: Jy kan die beste wees in wat jy doen. Erger nog, jy moet of behoort die beste te wees in wat jy doen. Net hulle wat die beste is tel. Net hulle wat die beste is, word raakgesien. Net hulle wat die beste in iets is staan uit.

Dis doodgewoon nie waar nie. Almal kan nie wees wat hulle wil wees nie. Hulle het dalk nie toegang tot opleiding nie, hulle het net nie die vermoë nie of omstandighede tel net nie in hulle guns nie. Dink maar hoe iets soos regstellende aksie wat buite jou beheer is jou drome kan kelder. Almal het nie die punte of die finansies om medies te gaan swot nie. Almal kan verseker nie die volgende Usain Bolt of Wade van Niekerk wees nie. Jy het hope natuurlike talent nodig en is verseker geneties naby die 100 persent om hierdie prestasies te kan lewer.

Storie van talente- die hoof van die huishouding gee aan slawe verskillende getal talente (muntstukke)- die eerste kry 5, die tweede 2 en die derde 1. Elkeen kry getal talente of muntstukke volgens sy vermoë/ bekwaamheid. Die gelykenis erken bloot die feit dat mense se bekwaamhede of vermoëns van mekaar verskil.

Sukes in ons tyd word eerstens gemeet aan persoonlike sukses en prestasie.

Wat het ek as individu bereik en reggekry. Hoe ver ek in my sport gekom het, in my loopbaan gekom het, hoeveel grade ek het,of in hoeveel komitees ek dien, hoeveel ure ek werk, hoeveel kliente ek het, hoeveel e mails of whats apps ek elke dag ontvang. As persoonlike sukses hierdie afgod in jou lewe word, dan is jou sekuriteit en waarde in jou eie wysheid, krag en prestasie. En in hoe besig jy is en lyk vir ander. Want besige mense is sekerlik op pad iewers heen en moet belangrik en in aanvraag wees, As sukses 'n afgod in jou lewe is, is jy in kompetisie met ander mense. Die vraag is nie meer is ek die beste ek wat ek met my talente, maar ook met my tekortkominge kan wees nie. Die vraag is op die ou end of ek beter as ander is en kan ek beter as hulle presteer.

Hierdie drang na sukses in sy ekstreme vorme kos ons baie keer ons huwelikke en verhoudings met ons kinders. Ons kan maar voorgee ons doen dit tog alles vir hulle, maar eintlik is dit baie keer ek wat nie kan leef sonder die rush van ander se lofsange en hoe beindruk hulle met my is of die rush van die volgende besigheid of kontrak of plaas of projek nie. Kyle Idleman vertel die storie van Chuck Bentley, een van die grootste sakemanne in Amerika wat die afgod van sukses eens gedien het. Hy het hierdie brandende begeerte gehad om uit te staan en naam vir homself te maak. So het Chuck in hierdie tyd opgetree: When he was around, he wasn't really around. His eyes told the story of a man who was elsewhere or several different elsewheres, a man who would make furtive glances at the telephone and keep checking his e mail as if it were an itch he couldn't help but scratch. Baie helder simptome: Jy is afwesig en jy is eintlik altyd aan diens en altyd aan die werk of dink hoe jy beter of meer kan doen. Helen Rubin skryf baie mooi hieroor: Sukses is hierdie vals god, want hy laat ons glo hy en sy boetie geld gaan ons sekuriteit gee, hy en sy boetie mag gaan ons belangrik maak, hy en sy boetie bekendheid of roem gaan ons gelukkig maak. n Afgod is iets van wie ek verwag om my iets te gee wat net God my kan gee.

Ons lewens draai nie net om persoonlike sukses en prestasie nie- dit raak ook ons kinders se sukses en wat hulle bereik.

Ons identeit raak dikwels verstrengel in ons kinders en hoe hulle vaar en wat hulle bereik. Suksesvolle kinders reflekteer positief op ons en raak deel van ons sukses storie- dit is die getuienis dat ek iets reg as ouer gedoen het. Ons is daarom ook kwaad as ons kinders nie aan ons verwagtings voldoen nie. Ons het by hulle die vals persepsie geskep hulle is tot alles in staat en hulle kan wees wat hulle wil en baie keer wat ons wil as hulle net harder probeer. Ons is selfs soms so arrogant om te dink ons kinders is bedoel om in my voetspore te volg- moet ook dokter word, die boerdery oorneem, universiteit toe gaan soos ek, dieselfde passies as ek hê of uitleef. Die Here bedoel eintlik dat ons as ouers ons kinders sal help om hul eie spore te maak en te loop. Die Bybel skryf baie mooi dat ons net in Een se voetspore behoort te loop- Jesus se voetspore. (1 Petrus 2:21)

Onderhoude finalejaar katkisasie kinders: Twee dinge

Ek wil suksesvol wees- nie anders as samelewing- kar, werk, travel, lekker huis

Kinders onder geweldige druk- te veel mense se verwagtings hang aan hulle- eie, ouers, skool. Om te presteer is belangriker as om gelukkig te wees.

Skriflesing: 2 Konings 5:1-18

Ons gaan na die Woord van die Here en ons gaan lees die storie van 2 Konings 5, die verhaal van Naaman die Sirier.

Hoe laat Naaman se sukses (posisie en kontakte wat daarmee saamgaan) hom optree?

Wêreldbeeld: suksesvolle mense naaste aan gode- het meeste seëninge.

Gesiene man-agting van koning

Dapper soldaat

Designer life

Melaats- jy kan nie deel van who's who wees as jy nie tussen hulle kan verskyn nie

Ek gebruik my invloed en wie my skuld om dinge gedoen te kry (vers 4-7)

Hy is hoof van weermag- het koning en sy familie veilig gehou. Gaan nie oor wie mense is, maar wat hulle vir my kan doen om my saak te bevorder.

Hy wil met die God van Israel gaan bargain vir sy genesing. Hy moet net by die regte koopsom uitkom (vers 5) Gee God sy deel sodat Hy kan doen wat ek nodig het.

Tim Keller: Naaman is after a god who can be put into debt, but this is a God of grace, who puts everybody else in His debt.

Hy verwag persoonlike diens- entitlement (dit kom my toe) (vers 11)

God breek dit af- slawedogtertjie, slaaf van Elisa, eie slawe roep hom op gehoorsaam te wees. Moet in modderige Jordaan gaan bad. God stroop sy entitlement

Ek beloon iemand (Elisa) wat my help sodat hulle weer by my in die skuld is (vers 15-16)

Hy wil Elisa beloon nie net sodat Elisa by hom in die skuld is nie, maar sodat Elisa se God by hom in die skuld sal wees.

Of ek die Here dien, sal afhang van die geselskap waarin ek my bevind (vers 18) Om die Here te dien gaan my nie in alle kringe bevoordeel nie.

Wat is die teenvoeters vir die afgod van sukses:

1. **Lay your deadly doing down (jy is nie eerstens wat jy kan doen en bereik nie) Human beings not human doings.** Vir die Here is wie jy is en besig is om te word as mens baie belangriker as wat jy kan doen en bereik: Deur die genade van God is ek wat ek is. Nie doen ek wat ek doen of kan doen nie. Ons identiteit is in Hom vir wie ons nie onsself hoef te bewys nie. Sy offer en Sy prestasies en wat Hy bereik het, het ons gered, nie onsself nie.

   Lay your deadly doing down kom van ou engelse Hymn:

   Lay your deadly doing down

   Down at Jesus' feet

   Stand in Him, in Him alone

   Gloriously complete.

John Maxwell se verstaan van sukses het my baie gehelp. Daar is iets diep Bybels daaragter:

2. **Sukses is om te weet wat jou doel in die lewe is (to know your why)**
   Nie wat het ek of wat het ek bereik nie. Jy kan baie bereik het en besit het sonder om by jou doel in die lewe uit te kom nie. Jou doel in die lewe is nie jou werk nie. My doel in die lewe is om mense wat verskillend dink of glo saam te bring en eerder te wys op wat ons saambind as om te hamer op dit wat ons verdeel. Gemeenskapsbouer. Community builder.
3. **Vra of jy besig is om te groei in plaas van waar het ek al gekom en of waar wil ek uitkom.** Reis eerder as bestemming. Ons sien bestemming- as ek in span is, as ek A in Matriek kry, as ek CEO is, as ek soveel miljoen het. As om te groei jou maatstaf vir sukses is, dan is die sukses in die reis waarop jy is en in die groei en nie in bestemmings nie.
4. **Vra wat ek gedoen het om ander te help en te bemagtig.** Samelewing: Vir wie het ek almal in die wedloop van die lewe weggehardloop? Sukses Is hierdie ek-ding. Bybel: hoeveel mense het

ek langs die pad opgehelp? Langs wie het ek gaan staan wat onder was en swaar gekry het? Vir wie was ek mentor. 20 jaar in jou beroep het jy klomp dinge geleer wat iemand anders kan help. As ons elkeen twintig jaar in ons werk een persoon gaan mentor hoe gaan ons land verander? Ons maak n bestaan uit wat ons kry, maar ons maak n lewe uit wat ons gee.

5. **Bybel praat nie oor sukses, maar oor geseënd wees. Iets anders as wereld se definisie van sukses. Mattheus 5: 3-12. Jesus praat in Lukas 11 en maak die opmerking dat hulle wat waarlik gelukkig is hulle wat die Woord van God hoor en dit doen of onderhou.**

Slot:

Kyle Idleman skryf die volgende in sy boek Gods at war:

The god of success whispered to us: "Don't you want to be king of the hill?"

"Which hill", we asked.

"Any of them. All of them." He smiled.

And we pursued a life of climbing, always climbing. Up hills. Up corporate ladders. Up lists. Up food chains. But along the way, climbing, working, earning and achieving became ends in themselves. It was no longer about what we could do, but about whom we could out-do.

If we were honest we would have to say that it wasn't for the Lord or even for others that we worked, but for ourselves.

And we had several unhappy surprises. One was that we hurt people as we climbed over them and elbowed them down the hill. Another was that we were always weary from the effort. Not to mention always wary of challengers to the throne. And the greatest surprise was that the top of the hill wasn't nearly as great as we thought it would be. The top of the hill ended up being as pretty lonely and disappointing place. We wondered if maybe we had the wrong hill. And then we discovered one last hill. But this hill already had a King, along with three crosses standing on it. And He extends us a simple invitation: "Come and follow".

And as we follow Him, He turns success on its head. The first will be last and the last will be first. The greatest among you will be the servant of all. To find your life you must lose it.

And so now, we still care about success, but we define it very differently. He has become our purpose. We live for serving Him, for knowing Him, for pleasing Him. That's how we define success.

Geseend wees is om in persoonlike verhouding met Christus Jesus te wees en as lewensdoel te hê om Hom te eer.

Amen